



PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld.

28 Februarie 2021

Skrifgedeelte: Sal Sondag afgekondig word.

Ons Program

Vandag: Tweede Sondag in Lydenstyd

- **Erediens** om 9:30 olv Dr André Oosthuizen
- **Deuroffer**: Hulpfonds vir Sinodale Pensioenfonds
- Die **Sondagskool** begin. Ouers en laerskoolleerders ontmoet Adél Venter in die kerk ná die erediens om praktiese reëlings te tref.
- **Tee en verversings** – Julle kan dit in die voorportaal kry en buite onder die bome geniet. Baie dankie aan Minnie Griessel, Lallie van Vuuren en Wyk 2

Volgende Sondag:


- **Erediens** om 9:30 olv ds Barnard Steyn
- **Deuroffer**: Geestelike Bearbeiding van Studerende Jeug
- **Tee en verversings** – Swartkoppies Wyk

Bybellees-program


- Ds Jaco die katerakte in sy oë laat verwyder. Sodra hy weer reg is, sal die leesprogram hervat. Op die WhatsApp-groep *Petrusburg* kan jy elke dag 'n kort oordenking oor die hoofstuk kry, of op ons toep. Om by die WhatsApp-groep aan te sluit, kontak Jaco Thom of klik [hier](#).

Wêreldbiddag vir Vroue: Vrydag 5 Maart

- Biduur om 10:00 in die kerk, gelei deur Elmien Thom. Tema: *'n Lewe gebou op 'n vaste Rots*. Dis 'n groot geleentheid elke jaar. Kom asseblief en bid saam met vroue die wêreld oor. Daar sal 'n verversinkie ook wees.



Allerlei



Oog-dinge

Ds Jaco gaan hierdie week vir lensvervangings in albei oë. Hy sal (DV) weer van 13 Maart af op sy pos wees.

Lief & Leed

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê. Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

Maart

- 4 Herman Pietersen
- 6 Barbra Botha; Tracy Neethling; Ray Odendal
Hester Venter

Huweliksherdenkings

Maart

- 4 Dirk & Elbé Bouwer (32j)
Ronnie & Carol Masuret (61j)

Dink spesiaal aan:

- **Meisie Ferns** (2 are hartomleiding Maandag)
- **Nic Cloete** (Steeds in hospitaal, Woensdag geopereer)
- **Ds Jaco Thom** en **Jaco Swanepoel** (lensvervangings)
- Machteld Kotze (was ook in hospitaal vir toetse, bid vir volome genesing)
- Marius Stander (stap nog pad van herstel na trekker-ongeluk)



Ons innige meegevoel met Kobus **Moolman**, en sy twee dogters **Cathy** en **Frieda** met die heengaan van **Meisie Moolman**. Mag die Here julle dra en troos in die hartseer tyd. Baie sterkte!

Gebed

Gebede vir HERLEWING...

Wanneer het ons herlewing nodig?

Wanneer wêreldsgesindheid in die kerk voorkom, is 'n geestelike herlewing nodig. Die kerk is duidelik in 'n teruggevalle



toestand waneer Christene in voorkoms, gesindhede en lewenswyse aan die wêreld transformeer. Dit wys dat hulle ver van God af leef en nodig het om geestelik te ontwaak.

2 Tim 3:1-7 Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het.

Gebed: Here, U het ons geroep om heilig voor U te lewe, soos U heilig is. Help ons om na die aard van ons denke vernuwe te word en die nuwe mens soos 'n kleed aan te trek wat in geregtigheid en ware heiligheid na die beeld van God geskep is. Amen.

Dank die Here vir al die geestelike gawes in Christus (Ef 1:1-14) Bid dat die Here se genade in ons lewens sal vrug dra, dat ons as belydende gelowiges vrug sal dra wat by die bekering pas.

Treurendes: Bid vir Kobus Moolman en familie na die afsterwe van Meisie Dinsdagoggend.

Dank die Here vir die entstof wat die eerste gesondswerkers kon ontvang. Bid vir dit wat nog moet kom en die uitwerking daarvan.

Bid vir die nuwe werkskepping in SA; vir voorsiening vir elke huis waar die broodwinner sy/haar werk verloor het.

Bid dat die Here ons bewus maak van die behoeftes van mense wat ons nodig het, en ons gewillig maak om iets daaraan te doen..

Vrouebedieningsprogram vir die Eerste Kwartaal

Kwartaal 1: Naomi Groep (Wyke 4 & Emmaus)

Retha Nel

5 Mrt Wêreldbiddag vir Vroue

7 Mrt Nagmaal - Blomme & Nuusbrief

10 Mrt Bestuursvergadering (Bespreek Basaar)

28 Mrt Palmsondag

1 Apr Wit Donderdag - Aand Nagmaal

4 Apr Opstanding Sondag - Blomme

14 Apr Bestuursvergadering - Finaliseer Basaar

23 Apr Skole Sluit

<u>Leraar:</u>	Jaco Thom	084 523 1157	jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
<u>Kantoor:</u>	Madette Lombaard	053 574 0279	ngkpetrusburg@gmail.com
<u>Orreliis:</u>	Elmien Thom	084 562 3434	elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
<u>Koster:</u>	Annamarie Dercksen	072 499 4262	annamarie.dercksen@yahoo.com
<u>Webwerf</u>	www.ngkerkpetrusburg.co.za		facebook NG Kerk Petrusburg
<u>Kantoorure</u>	Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00		
<u>Bankrekening</u>	ABSA Tjekrekening 2610580001		